

# JAAR A - PASSIE EN PALMSONDAG

## Psalm 22

Komponis: Vr P.F. Vietri, CO (1955)
Verwerking: Oudtshoorn Oratorium (2023)




**1.** Almal wat my sien, beskimp my,
oopmond gaap hulle my aan,
hulle skud die kop en sê:
"Hy het hom so danig op die Here verlaat,
laat Hy hom bevry, hom red,
As Hy hom inderdaad so innig bemin. ***R***

**2.** Soos jaghonde omsingel hulle my**,**
'n trop geweldenaars sluit my in;
hulle het my hande en voete deurboor,
Al my bene kan ek tel. ***R***

**3.** Hulle verdeel my klere onder mekaar,
en trek lootjies oor my mantel.
Maar U, Here, moenie ver weg bly nie,
my sterkte snel my te hulp. ***R***

**4.** Ek sal roem oor u Naam onder my mense,
U in volle vergadering prys.
Julle wat die Here eer, loof Hom,
vereer Hom, nageslag van Jakob,
Israeliete, vereer Hom. ***R***